

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

19 DESEMBER 2025 - JAARGANG 57-1707

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

17 Desember 2025 - 70.51%

17 Desember 2024 - 92.68%

Reënval vir die week:

Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal



Uitdagings vir tafeldruifprodusente

Die tafeldruif pakseisoen het onlangs begin. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Morné Paxton.

LEES BINNE:

Ons kyk terug op 2025 se nuusgebeure bl 6 en 7

Weervoorspelling vir die week

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste Vredendal

Don. 18/12	Vry. 19/12	Sat. 20/12	Son. 21/12
13°/34°	14°/36°	15°/35°	14°/38°
Ma. 22/12	Di. 23/12	Wo. 24/12	Inligting verkry vanaf AccuWeather 17 Des. 2025
16°/35°	17°/35°	15°/36°	

Hierdie is ons laaste uitgawe vir 2025.

Ons volgende uitgawe verskyn op 16 Januarie 2026.

Ons Kontrei Bestuur en personeel wens al ons lesers en adverteerders 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2026 toe. Dankie vir julle ondersteuning deur die jaar.



ANNO 1956
TEUBES
Family Wines

R363, Vredendal • Tel: 027 213 2377

* Wine tastings * Wine pairing (Artisinal cheeses & cold meats) * Enjoy craft beers, * Pizza's, platters and much more.

* Play area for kids, jumping castle and petting zoo.
* Fresh festive menu and wine available



Open: Mon - Sat: 09:00 - 17:00
24 December: 09:00 - 13:00

Closed on Sundays, 25 December and 1 January

Celebrate the festive season

Teubes Cabernet Sauvignon

BOLD FLAVOUR FOR CHRISTMAS TABLES

AKTUELE NUUS



Beslag gelê op dwelms

Berig: Kaptein Ludick

Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Lede van Vanrhynsdorp SAPD in samewerking met Nama-kwa K9 se ervare adjudant-offisier Burger Geustyn en sy vierpotige lid, Bes-sie, het Maandag 15 Desember vanaf vroegoggend weer dwelmuise aangespreek. Een arrestasie is gemaak waar op 39

Mandraxtablette (foto bo) beslag gelê is. Nog twee arrestasies het gevolg waar onderskeidelik een en twee gram tik in persone se besit gevind is. Al drie mans het op Woensdag, 17 Desember in die hof op Vanrhynsdorp verskyn.



GPF vir 2026 gerig. Daar is heerlik gebrui en gekuier en die pad vorentoe is ook by die geleentheid bespreek.

GPF sluit jaar af

Berig: Kaptein Ludick
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vanrhynsdorp Gemeenskaps Polisiëringforum GPF in samewerking met die SAPD het op Vrydag, 12 Desember hul jaarlikse afskeid gehad. Die geleentheid is geopen deur kapelaan Davids wie die groep bedien het as die mense wie sout van die aarde mee vergelyk kan word. Daarna het raadslid **Richard van Huysteen (foto regs)** 'n woord van motivering en steun aan die SAPD en

Verwelkomingsveldtog in Lambertsbaai

Berig: Mariaan Smuts

Foto's: Verskaf

LAMBERTSBAAI: Weskus Distriks-munisipaliteit (WKDM) het Saterdag, 13 Desember 'n verwelkomingsveldtog in Lambertsbaai van stapel gestuur. Die veldtog was 'n Weskus inisiatief in same-werking met die WKDM en munisipaliteite. Die veldtog se hoofdoel was om die streek se unieke besienswaardighede en gas-vryheid aan besoekers bekend te stel. Die burgemeester van Cederberg Munisipaliteit, Azrial Scheepers het saam met die WKDM baie besoekers verwelkom wat tussen 11:00 en 14:00 by die inligtingstafel gestop het. Die geleentheid was 'n ver-toonvenster van die Weskus se unieke sjarme met plaaslike besienswaardighede en Weskus gasvryheid. Raadslid John Hayes van Cederberg Munisipaliteit en raadslid Leoné Venter van die WKDM, wat ook die Weskus distriksburgemeester verteenwoordig het, sowel as Joos Engelbrecht, voorsitter van die Weskus Toerisme, was onder die hoogwaardigheidsbekleërs wat by die verwelkomingskomitee aangesluit het. 'n Spesiale woord van dank word aan

Melanie Blankenberg van die WKDM en Enrico Samson van Cederberg Munisipaliteit gerig, wat saamgewerk het om van die geleentheid 'n sukses te maak. Die verkeersdepartement verdien ook 'n spe-siale erkenning vir die versekering van padveiligheid en dat sake glad verloop. Terwyl die uitvoerende burgemeester 'n hartlike verwelkoming aan alle gaste in die Cederberg Munisipaliteit gerig het, het hy almal genooi om die beste van die Wes-kus te ervaar. "Kom en geniet ons pragtige kuslyn, ons ryk kultuur en ons warm gas-vryheid," het Scheepers gesê. "Ons is trots om ons pragtige streek met julle te deel en ons hoop julle sal met onvergeet-like herinneringe aan die Weskus vertrek." Met sy unieke mengsel van natuurlike skoonheid, kultuur en avontuur, is die Weskus 'n moet-besoek bestemming en die geleentheid is die perfekte manier om dit alles te ervaar. Merk asseblief julle kalenders vir volgende jaar se "Welkom aan die Weskus" veldtog en kom ontdek die ongelooflike streek.



Verwelkomingsgeskenke word aan be-soekers uitgedeel.



Burgemeester Azrial Scheepers en Leoné Venter van WKDM.

Werksaamhede bespreek

Berig: Kaptein Ludick
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vanrhynsdorp SAPD en die Gemeenskaps Polisiëringforum het op Dinsdag, 9 Desember hul Algemene Jaarvergadering gehou. Die vergadering het in 'n goeie gees plaas-gevind. Die jaar se goeie verhoudinge, as-ook werksaamhede is aan die gemeen-skap deurgegee. Bykans alle rolspelers was daar en het deelgeneem.

Rolspelers wat die dag bygewoon het.



TREKKERS EN MEER
Clanwilliam

Ons wens al ons kliënte,
landbouers, kollegas 'n
geseënde Kersfees toe!
Dankie vir julle ondersteuning.
Mag 2026 vol groei
en sukses wees.

Toan - 060 993 4380
Braam - 083 283 9841

my AHI Clanwilliam
Sakekamer

Ons wens al ons lede,
vennote en gemeenskap 'n
vreugdevolle Kersfees en
'n voorspoedige
Nuwe Jaar toe!
Mag die feesseisoen vol
warmte, geluk en
saamwees wees.

www.clanwilliamsakekamer.org.za

**GESEËNDE
CHRISTUSFEES**

aan al ons kliënte en diensverskaffers.
Mag jou kerskous gevul wees met
Genade, Liefde en Vrede
RSAM CLANWILLIAM

**Geseënde
Kersfees**

AUGSBURG LANDBOUGIMNASIUM

wens hiermee al ons leerders,
ouers en ondersteunders
'n Baie Geseënde Kersfees en 'n
voorspoedige 2026 toe.

Mag die feestyd vir u en u familie
vreugde, vrede, rus en
oorspoedige seën bring

VRIENDELIKE GROETE
SBL & PERSONEEL
-AUGSBURG LANDBOUGIMNASIUM-

VELSKOENDRAAI PADSTAL
GRAAFWATERWEG, CLANWILLIAM

www.velskoendraai.co.za
066 205 2382

NORMALE BESIGHEIDS URE
MON - SAT 08:00 - 17:00 & SUN: 10:00 - 15:00

Seënwense vir die seisoen!
Kom deel die feesseisoen saam met ons -
vol geure, glimlagte en herinneringe.
Kontak ons vir feesseisoen besigheidsure.

Bella-Louise
RESTAURANT

NORMALE BESIGHEIDSURE
DINSdag - SATERdag : 17:00 - 21:00
BESPREEK: 066 205 2382 | 083 460 3773

HOOF NUUS

Produsente staar uitdagende seisoen in die gesig

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Morné Paxton

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die tafeldruifseisoen het in week 49, Maandag 1 Desember afgeskop met enkele pakhuisse wat begin pak het. In week 50 het meer pakhuisse begin en die verwagting is dat die meerderheid produsente week 51 sal afskop.

Morné Paxton, voorsitter van die Olifantsrivier Tafeldruif Produsente Vereniging (OTPV) sê produsente het 'n baie warm voorbereidingstydperk ervaar wat gepaardgegaan het met sterk oostewinde in Oktober en die huidige sterk westewinde namiddae.

Die vorige twee seisoene het produsente koeler somers ervaar.

De volle omvang van die hitte moet nog bepaal word, maar produsente kan al klaar sien dat korrelgrootte ontwikkeling negatief beïnvloed is op die vroeë kultivars, veral Flame Seedless.

Die Olifantsrivierstreek se oesskatting is afwaarts aangepas en is tans op 3 668 256 kartonne (4,5 kg). Produsente het 4 368 999 kartonne die vorige seisoen verpak. Paxton sê die rede hiervoor is die afwaartse aanpassings van waterkwotas uit die kanaal as gevolg van konstruksie aan Clanwilliamdamwal wat aan die begin van die somer gedoen is. Die damvlak is verlaag van 100% na 75%, dus is kwotas afwaarts aangepas.

Verder sê Paxton die aanslag van die seisoen was heel goed met meeste kultivars wat baie vrugbaar weggespring het. Dit blyk dieselfde in al die ander tafeldruif produksie streke te wees. Die verwagte oesskatting vir die hele Suid-Afrika is tans ongeveer 80 miljoen katonne. Dit sal beslis 'n rekordgetal wees en kom met baie uitdagings.

Saam met hoë volumes wat in Kaapstad Hawe verskeep word en die baie wind wat hulle in November en Desember ervaar het, sorg dit vir baie vertraging in die hawe. "Dit veroorsaak dus dat die

vrugte langer neem om by die eindbestemmings te arriveer, wat dan weer lei tot swak kwaliteit. Tafeldruie is 'n hoogs bederfbare produk. 'n Rekordgetal ure wind is waargeneem in November wat lei tot 'n rekordgetal ure wat die hawe nie aktief kon funksioneer nie," aldus Paxton.

Tans is die druiwe wat hang aan die stokke baie gesond weens relatiewe droë weer. Met die warm somer in ag geneem en die verlaagde waterkwotas staan die area 'n uitdagende seisoen in die gesig. Die situasie in die Kaapse hawe maak dit verseker nie makliker nie, maar soos altyd hou die Olifantsrivierarea se produsente moed en probeer hul bes om die vrugte so spoedig en noukeurig moontlik te verpak. "Ons area se pakseisoen strek oor ongeveer 10 weke. Van die OTPV se kant, wens ons alle produsente sterkte toe met die seisoen," aldus Paxton.



Ivory kultivar aan die stok.



Die twee voertuie was in 'n kop aan kop botsing betrokke.

Foto: Facebook.

Bestuurder vlug van die toneel

Berig: Kaptein Van der Westhuizen

LUTZVILLE: 'n Kop aan kop botsing tussen 'n Toyota Quantam taxi en 'n Toyota Auris Saterdag 13 Desember omstreeks 09:15 het verkeer op die R363 vir 'n tyd lank ontwrig. Na bewering het die bestuurder van die taxi, 'n Zimbabwiese burger wat na Vredendal onderweg was, met die aankomende voertuig gebots. Die Zimbabwiese burger het van die toneel gevlug en volgens ooggetuies met 'n saamry geleentheid na Vredendal gevlug. Hy is kort daarna met die hulp van

Vredendal SAPD aangekeer en terug na Lutzville gebring, waar hy gearresteer is. Plaaslike verkeer en Provinsiale Verkeer was vinnig op die toneel om verkeer te reguleer tot beide voertuie ingesleep kon word. Die taxibestuurder het reeds Maandag, 15 Desember in Vredendal hof verskyn op 'n aanklag van Roekeloos en /of Nalatige bestuur waarna hy op R1000 borgtog vrygelaat is. Hy verskyn weer 18 Februarie. Geen beserings is aangemeld nie.

SAPD rig versoek aan gemeenskap

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Die Clanwilliam SAPD sê die feestyd is 'n tyd van rus, kuier en saamwees, maar dit bring ook verhoogde veiligheidsrisiko's mee. Hulle moedig alle inwoners aan om ekstra waaksaam te wees; vir hulself en vir mekaar.

Wenke: Sluit huise en voertuie te alle tye selfs tydens kort afwesigheid. Moenie waardevolle items sigbaar in die motors laat nie. Beplan vooruit wanneer jy reis en deel jou roete met iemand wat jy vertrou. Wees bewus van jou omgewing.

veral by winkels, parkeerareas en vulstasies. Ry verantwoordelik en moenie onder die invloed bestuur nie. Hou kinders en bejaardes te alle tye dop in besige areas.

Gemeenskapsamewerking speel 'n groot rol in veiligheid. Meld alle verdagte gedrag aan. Kyk uit vir jou bure en wees bereid om hulp te bied waar nodig.

Die SAPD rig 'n versoek aan elkeen om saam te werk gedurende die feestyd sodat almal veilig, rustig en vreugdevol kan kuier.

Nog 'n slagoffer sterf

Berig: Annemarie Munnik

LUZVILLE: 'n Ford Ranger, 'n Quantam taxi en 'n Toyota Avanza was op Sondag, 7 Desember in 'n gru-ongeluk op die R362 tussen Lutzville en Strandfontein betrokke. Sewe persone is oorlede.

Kaptein Lena van der Westhuizen van

Lutzville SAPD het bevestig dat nog 'n slagoffer aan haar beserings beswyk het. Die 12-jarige Tandaza Harris was vir 'n week lank in die intensiewe sorgeenheid van die Rooikruis Hospitaal. Sy het Saterdag, 13 Desember gesterf. In totaal het 8 persone in die gru-ongeluk gesterf

**Graag
bedank
ek al my
kliënte
vir jul
ondersteuning
gedurende
2025.**

**Mag jul 'n
geseënde
Feesseisoen
saam met
geliefdes
geniet.**

**-Mariaan
Smuts**

Aan al ons kliënte

Ons opregte waardering vir u getroue ondersteuning gedurende 2025. Ons sien uit daarna om die pad saam met u te stap gedurende 2026 en vertrou dat ons span u weer sal bedien met diens van uitstaande gehalte.

Ons wens vir u 'n Geseënde Feesgety en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Marcel, Ronel en personeel

 **CELLIERS BOTES**
INCORPORATED / INKORPORASIE
Building Strong Knowledge

PROFESSIONAL ACCOUNTANTS | TAX CONSULTANTS

(027) 432 2822 052 321 3709 083 226 8452

21 Hong Street, Lombard's Bay, 8050

Liewe Kliënt / Diensverskaffer / Produsent

In hierdie feestyd dink ons met waardering aan almal wat deel is van die Rooibos Beperk-familie, ons toegewyde produsente, lojale kliënte, betroubare diensverskaffers en waardevolle vennote.

Dankie vir julle voortdurende samewerking, ondersteuning en vertroue. Dit word opreg waardeer.

Mag die feestyd vir u rustigheid, vreugde en kosbare tyd saam met geliefdes bring. Ons wens u 'n voorspoedige en geseënde nuwe jaar toe.

**Vriendelike groete,
Die Rooibos Beperk-span**

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

LAMBERTSBAAI:
NG Kerk

Basaar
Saterdag, 20 Desember
om 09:30 by die Kersaal

DORINGBAAI:

Beach Festival
Beach Touchies
Saterdag, 20 Desember
10:00
Navrae: 062 511 8021

LAMBERTSBAAI:

Kersdiens oppi Hawe
Dinsdag, 23 Desember
18:00

STRANDFONTEIN:

Fun Run
27 Desember
08:30; Fietsryers wegspring 08:45
Navrae: 083 230 4801

LAMBERTSBAAI:

Koffiehuiskonsert
Maandag, 29 Desember
Malkoppan Karavaanpark
Hekke open 17:00
Navrae: 082 920 3444

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
[\(Cederberg\)maaitjie@isales.co.za](mailto:(Cederberg)maaitjie@isales.co.za)

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Die ewige Christusfees

Fokusgedeelte: Openbaring 16:15-17

God se oordele kom oor die hele wêreld. In Openbaring 16 word die intensiteit al hoe groter, nie meer 'n gedeelte van die wêreld wat getref word nie, maar God se oordeel kom oor die hele wêreld en alle goddelose mense. Die sewe bakke van God se oordele word een na die ander uitgegooi. Met die sesde bak droog die Eufraat op. Die Ooste en Weste staan saam teen God as die Eufraat opdroog (vs 12). Dit beteken dat al die antichristelike magte saam 'n eenheid gevorm het, 'n eenheid ongeag hulle nasionale verskille, 'n eenheid om teen God te veg. Die plek waar hulle byeenkom, is Armageddon. Hierdie plek hou verband met 'n berg by

Meggido wat uit die Ou Testament bekend is as die plek waar God die vyande van sy volk oorwin het, onder andere met die geskiedenis van Debora en Barak toe hulle die Kanaäniet Jabin en sy leërowerster Sisera verslaan het. Hier kom God se vyande nou byeen.

Dan kom Christus onverwags (vs 15). Armageddon beteken totale vernietiging vir God se vyande en totale oorwinning vir God se volk. As die sewende engel nou die skaal uitgooi, dan weerklink die stem van God uit die hemel: "Dit is verby." Wat is verby? Verby die mens se opstand teen God, die verdrukking van die kerk is verby, die mens se lastering, God se lankmoedigheid en die tyd van bekering is verby. Ja, die

eerste dinge is verby. Maar vir die gelowige is dit vreugde. Dit is alles gebeur wat verby moes gaan, sodat die belofte van die nuwe hemel en aarde kon kom.

Vir die gelowige in Jesus Christus wat met verlange uitsien na sy wederkoms is dit vreugde, want die ewige Christusfees het aangebreek. Verby ja, die eerste dinge, maar nou het die ewige lewe volkome begin. Oor 'n paar dae vier ons Kersfees, maar ons kyk ook vorentoe na die aanbreek van die ewige Christusfees wat daar op die kinders van God wag.

Psalm 99:1 3 "Die Here is Koning; laat die volke bewel! Hy troon op die géruks; laat die aarde sidder! Die Here is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke. Laat hulle u grote en gedugte naam loof! Heilig is Hy!" (Afrikaanse Vertaling 1953)

Dominee Peet Coetzee

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Vrolike aande in Vredendal, besoekers welkom

Berig: Annemarie Munnik
Foto's Rene Erasmus

VREDENDAL: Die Erasmus-gesin het soos oudergewoonte weer hulle tuin in 'n liggie-paradys omskep. Hulle nooi graag die publiek om dit te kom besigtig. Die huis is by Woelige Hoek, agter Up to Date. Tye is Sondae tot Donderdae van 20:00 tot 22:00, Vrydae en Saterdag sal dit bietjie later afgeskakel word. Toegang is gratis, daar is wel 'n donasieboks, maar dit is nie verpligtend nie.

Geseënde Christusfees

Soos die jaar tot 'n einde kom, staan ons stil om te besin oor die oomblikke wat ons gemeenskap gevorm het - die uitdagings wat ons in die gesig gestaar het, die mylpale wat ons gevier het, en die alledaagse stories wat ons herinner het aan wie ons is. Soos elke ander kantoor, het ons ook uitdagings gehad, maar ons kan terugkyk en dankbaar wees dat ons nog 'n jaar elke week 'n uitgawe op straat kon hê. Dankie aan ons getroue lesers dat julle ons elke week in julle huise verwelkom. Aan ons adverteerders en kliënte vir julle volgehoue ondersteuning. Julle vertroue laat hierdie koerant toe om 'n stem vir ons gemeenskap te bly. Soos ons die feestyd betree, mag julle dae gevul wees met vrede, liefde en tyd saam met diegene wat die meeste saak maak. Ons Kontrei bestuur en personeel wens julle 'n vreugdevolle Kersfees en 'n hoopvolle nuwejaar toe.

Groete.



*"Remember this December, that love weighs
more than gold."* —

Josephine Dodge Daskam Bacon

AKTUELE NUUS

Raar maar waar, sebras in ons geweste

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

VREDENDAL: Nama-Qua Game Reserve is ongeveer 5 km buite Vredendal rigting Klawergeleë.

Erik van Zyl en sy verloofde Tanica Engelke het 'n droom gehad om 'n reservaat te begin en stadig maar seker word dié droom waar.

Tans het die reservaat, blouwildebeeste, springbokke, bakoor jakkelse, ystervarke, aardvarke, meerkatte en die jongste toevoeging - twee Burchell's Zebras, 'n hings en 'n merrie.

Engelke noem dat die twee Saterdag, 13

Desember vanaf 'n klein reservaat buite Stellenbosch gekom het.

"Die droom om 'n reservaat te begin kom met die keuses oor watter diere om aan te hou. Ons het deeglike navorsing en beplanning gedoen om seker te maak hulle sal aanpas," noem Engelke.

Persone kan toere aanlyn boek, onder andere die meerkat toer en die Nama-Qua Safari. Hulle bied ook familie pieknieks aan. Vir meer inligting besoek gerus, <https://nama-qua.co.za>



Een van die sebras koel af.

Kombersprojek 'n reuse sukses

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Huis Matzikama het op 17 Oktober 'n kombersprojek van stapel gestuur. Marieta Schreuder, een van die tehuis se woonstelbewoners, het 'n pragtige kombers gebrei en vir die fondsinsameling ten bate van Huis Matzikama geskenk.

Al die personeel het op die komberswa geklim en met R20 donasies begin

verkoop. Elke personeellid het ten minste een lys van R200 volledig ingehandig. Die verpleegdienste bestuurder, suster Marilene Kilian, het egter loshande die meeste donasies losgepraat. Sarie Steenkamp van Calitzdorp het die kombers gewen.

Huis Matzikama bedank elke persoon wie hierdie projek ondersteun het. Die finale bedrag het almal se verwagtinge oortref.



Marilene Kilian, Sarie Steenkamp en Marieta Schreuder.

MACAW nooi graag die publiek uit

Berig en foto: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Matzikama Animal Care and Welfare (MACAW) het 'n hele paar honde wat nog nie 'n nuwe huis gevind het nie.

MACAW nooi graag die publiek uit om gedurende die vakansie met die honde te kom stap of om met hulle te speel.

Tye die feesseisoen: Maandae tot Vrydae, 08:30 - 16:00, Saterdag en Sondag 09:00 - 12:00 en vakansiedae ook 09:00-12:00.

Skenkings is steeds welkom om 'n hondehartjie bly te maak gedurende die Kersseisoen. Besoek gerus MACAW se Facebookblad vir meer inligting.



Aan al my kliënte
dankie vir nog
'n jaar se
ondersteuning.
Mag 2026
geseënd wees met
voorspoed
en sukses.
Geseënde Kersfees.
- Annemarie Munnik

TIGER BRANDS

Ons wil graag die gemeenskap en die produsente 'n Geseënde Feesseisoen en 'n voorspoedige 2026 toewens.

ENGEN **WIMPY**

Klawer 1 Stop Engen
Wimpy, Quick Shop & Bakery

Tel: 027 216 1816

'n Geseënde Kersfees aan al ons getroue kliënte.
Mag 2026 vir elkeen voorspoedig wees!
Geniet die feesgety en kom veilig tuis.

Geseënde Kersfees!
Hoop julle feesseisoen is gevul met lag, vrolikheid en goeie geselskap.

Aan-de-Kleinrivier Padstal & Koffiewinkel

Tel: 082 801 3712

Padstal is ongeveer 5.5 km buite Vredendal op R362 na Klawer.

Dankie vir 'n wonderlike jaar.

AFGRI Equipment
wens ons kliënte 'n vreugdevolle en vreedsame Kersseisoen toe.

AFGRI

Akasiastraat,
Vredendal
Tel: 087 820 4083

Maandae tot Vrydae: 07:30 - 17:00

Geseënde Kersfees en voorspoedige 2026! Ons is dankbaar vir jul ondersteuning.

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS

■ YOUR WEALTH

H.A.J. Lombard & Kie/Co
Praktik no: 490/ATC No: 116

Rekenmeesters, Sekretarisse & Inkomstebelastingkonsultante
Accountants, Secretaries & Income Tax Consultants

Kerkstraat 17
Posbus 142
Vredendal 8160
Tel: 027 213 2024/5/6
onlvangs@lombardenkie.co.za

DIREKTEURE
Edwin - Sel: 084 600 3356
dejongh@lombardenkie.co.za
Alfred - Sel: 083 349 2179
alfred@lombardenkie.co.za

MBD Begrafnisdienste
ONS GEE OM

MAG U EN U FAMILIE 'N VREUGDEVOLLE FEESSSEISOEN ERVAAR.

VOORSPOED VIR 2026!

MBD is 'n goedgekeurde finansiële diensteverkaffer
FSP lisensie no. 30309
Lid van die NBOV
info@mbdsa.com www.mbdsa.com
Alle ure: 027 21 32 6 32

‘n Terugblik op groot nuus oomblikke gedurende 2025



Lutzville spog met 100% slaagsyfer

17 JANUARIE/LUTZVILLE: Hoërskool Lutzville het vir die 24ste agtereenvolgende jaar 'n 100% slaagsyfer behaal. Vier en dertig van die 40 matrikleerders van 2024 kwalifiseer vir 'n Baccalaureus-graad. Die groep spog ook met 53 vak A's en daar is geen vakdrupeling nie.

Vanrhynsdorp bied eerste parkrun aan

24 JANUARIE/ VANRHYNSDORP: Die eerste offisiële Vanrhynsdorp parkrun het Saterdag, 18 Januarie met 144 deelnemers by Letsatsi Lodge afgeskop.



Defender Octa V8 word bekendgestel in Lambertsbaai

7 FEBRUARIE/ LAMBERTSBAAI: The Dunes buite Lambertsbaai was in Januarie die gasheer vir die Jaquar Land Rover se Global Launch van die nuwe Defender Octa V8. Dié internasionale handelsmerk in die motorbedryf het Lambertsbaai se duine gekies om hul nuwe 4 x 4 aan die internasionale media bekend te stel.



Eerste plek vir Plattelandse Afrikaanse Skool

14 FEBRUARIE/LUTZVILLE: Die Skoleondersteuningsentrum stel elke jaar 'n verslag saam waarin die Senior Nasionale Eksamen se uitslae ontleed word en top skole vereer word. Op Vrydag, 7 Februarie is Hoërskool Lutzville vir die eerste keer na hierdie spoggeleentheid in Pretoria genooi. Dié skool is as die nommer 1 Afrikaanse Plattelandse Skool aangewys op grond van die aantal onderskeidings (Vak A's) wat die matriekklas van 2024 behaal het.

Privaat hospitaal vir Vredendal 'n werklikheid

21 FEBRUARIE/VREDENDAL: Die bouwerk aan die Matzikama Mediese Sentrum het begin. Die maatskappy, Mahala Medies (Edms) Bpk gaan die geboue oprig, maar omdat 'n hospitaal nie net 'n gewone gebou is nie, is daar talle regulasies en wetgewings waaraan voldoen moet word. Daar word dus direk saamgewerk met die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, sowel as die plaaslike munisipaliteit. Mahala Medies (Edms) Bpk gaan eerstens begin met die oprigting van die 24/7 Noodeenheid en direk langs dit word die 20-Bed Daghospitaal met twee goed toegeruste teaters opgerig, asook 'n radiologie departement.

Paasnaweek Sokkertoernooi reuse sukses

25 APRIL/ LUTZVILLE: Arcadian Shepherds FC het die afgelope Paasnaweek die Gert Swarts Easter Sokkertoernooi aangebied. Elf spanne van Matzikama het deelgeneem: Evergreens FC (Lutzville-Wes), Foundation FC (Lutzville), Future Builders FC (Vredendal), Vredendal FC, Bitterfontein FC, Lutzville United FC, Rangers FC (Koeke-naap), Tigers FC (Lutzville), Uumdoda FC (Lutzville) en Malawians FC. Die toernooi het plaasgevind te Lutzville Sportgronde en die kompetisie was straf. Bitterfontein FC het weggestap met die wennertrofee en die prysgeld. Naaswenners was Rangers FC.

Immergewilde Maskam 4x4 Challenge

16 MEI/ VREDENDAL: Die jaarlikse Maskam 4x4 Challenge het Saterdag, 10 Mei op 'n reënerige Bergkraal plaasgevind. Ongeveer 80 deelnemers het aan die immergewilde dag deelgeneem. Die jaar se fondse word aan NG Kerk Vredendal se kinderontwikkeling bediening, spesifiek kinders met behoeftes geskenk.



Vrou skenk nier aan eggenoot

23 MEI/ LEIPOLDTVILLE: Boeta Strauss en sy vrou, Beatie het in 2023 van Trawal na die plaas, Aan Het Berg sowat 8km buite Leipoldville getrek. Boeta is in 2010 gediagnoseer met Glomerulonephritis met 'n nierfunksie van ongeveer 40%. Die paartjie ken mekaar al 20 jaar en is sedert 2019 saam. Toe die dokter die nuus oordra dat Boeta 'n niëroorplanting moes kry, was dit vir hulle 'n skok. Nie een van die familie of hul vriende was 'n geskikte skenker nie. Beatie het haar laat toets en was wonder bo wonder 'n geskikte skenker. Die operasie is in die Netcare Christiaan Barnard Memorial Hospitaal uitgevoer en was 'n groot sukses.

Streeksvullisterrein merk belangrike mylpaal

13 JUNIE/ MATZIKAMA/CEDERBERG: 'n Belangrike stap in die rigting van omgewingsvolhoubaarheid en verbeterde dienslewering is geneem toe die eerste vag afval by die nuutgeboude streeksvullisterrein buite Vredendal gestort is. Die ontwikkeling van die streeksvullisterrein is 'n strategiese reaksie op die toenemende afvalbestuursbehoefte van die Weskusgebied. Die nuwe fasiliteit, wat R94 miljoen gekos het, sal nie net afvalverwerkingsbedrywighede sentraliseer nie, maar ook verbeterde regulering, moderne omgewingsmaatreëls en groter koste-doeltreffendheid vir deelnemende munisipaliteite moontlik maak.




Walvis verstrengel in toue

27 JUNIE/ LAMBERTSBAAI: 'n Jong bultrugwalvis van 8 meter is Dinsdag, 17 Junie suksesvol in 'n uitdagende ontknopingsproses van dryfboeie en visvangtoue losgemaak. Die SAWDN het NSRI stasie 24 Lambertsbaai, NSRI stasie 44 St Helenabaai en NSRI stasie 34 Yzerfontein in kennis gestel na aanleiding van berigte wat van 'n vissersvaartuig noord van Elandsbaai ontvang is oor 'n walvis wat in visvangtoue en dryfboeie verstrengel was. In totaal is 8 snye gemaak voordat al die visvangtoue en dryfboeie suksesvol van die walvis losgesny is. Alles is herwin vir ondersoek en wegdoening deur SAWDN en die Departement van Omgewing.

Outistiese sentrum op die horison

27 JUNIE/ VREDENDAL: Namakwa Outistiese Sentrum open op Maandag, 12 Januarie 2026 in Vredendal. Nicolene Botha, stigter van dié skool het talle navrae gekry om 'n Afrikaanse skool vir outistiese kinders in Vredendal te open. "Aangesien daar so 'n groot behoefte bestaan, het ek besluit om in Januarie 2026 die Namakwa Outistiese Skool in Vredendal te open. Die rede vir die naam is aangesien Namakwa 'n langstert duif is en daarom sal die wapen 'n langstertduif wees en die leuse "vlieg hoog", vertel Botha.



Konstruksie by Clanwilliamdam

11 JULIE/ CLANWILLIAM: Konstruksiewerk by Clanwilliamdam is die week van 7 Julie gedeeltelik ontwrig as gevolg van water wat na die goeie reën in die opvangsgebied in die dam ingeloopt het. 'n Kritieke aspek van die konstruksieprogram was die bou van 'n rolbetonkofferdam. Die uitgrawings en voorbereidings van die fondasie is teen 15 Mei voltooi waarna daar begin is met betonplasing. Die kofferdam is ongeveer 120m lank en 15m wyd aan die onderkant, en 5,5m aan die bokant met 'n hoogte van 11m. Die volume beton van die kofferdam is ongeveer 10 000m³.

Familie vriendelike sport in Vredendal

18 JULIE/ VREDENDAL: Padel Vredendal, 'n aktiwiteit vir die hele gesin, het op Saterdag, 12 Julie amptelik in Voorsorgstraat geopen. Adri en Herman Nel, die stigters van Padel Vredendal, het die koste vir die oprigting van die twee bane gedra. Die nuutgesigte klub glo in gemeenskapsontwikkeling en om soveel as moontlik geleenthede te skep vir Vredendal. Die naaste bane is in Wellington, Worcester en dan die Kaap.



Besluite om damvlak te verlaag

1 AUGUSTUS/ CEDERBERG/MATZIKAMA: Die Departement Water en Sanitasie (DWS) het 23 Julie, 'n vergadering belê met die Laer Olifantsrivier Watergebruikersvereniging (LORWGV), Clanwilliam- en Citrusdal Watergebruikersvereniging en Matzikama Munisipaliteit. Tydens die vergadering het DWS 'n versoek gerig om die Clanwilliamdam se vlak te verlaag tot op 75% kapasiteit. Na 'n opvolgvergadering van 3 ure met DWS en rolspeleers op Maandag, 28 Julie, is daar steeds nie tot 'n vergelyk gekom met DWS nie en het die saak geëskaleer tot op provinsiale regeringsvlak. DWS het toe Vrydag, 1 Augustus begin om die sluis van Clanwilliamdam oop te maak om die damvlak tydelik van 95% tot 75% te verlaag.

Skool stap met louere weg

5 SEPTEMBER/ VREDENDAL-NOORD: Vredendal-Noord Primêr het op Vrydag, 29 Augustus tydens die 11de National Education Excellence Awards, in hulle afdeling met die louere weggestap. Vredendal-Noord Primêr het die eerste plek in die land behaal in die afdeling vir die instandhouding en onderhoud van skoolgeriewe vir primêre skole.



SA kampioenskappe in Lambertsbaai

17 OKTOBER/ LAMBERTSBAAI: Die 2025 Suid-Afrikaanse Waveski Branderplankry Kampioenskappe het van 8 tot 12 Oktober in Lambertsbaai plaasgevind. Een en dertig deelnemers van regoor die land het hul vaardighede getoon. Die byeenkoms is deur Western Province Waveski Surfing Association aangebied en deur die South African Waveski Surfing Association (SAWSA) ondersteun.

Namaqua Wines rebrands distribution arm

31 OKTOBER/ VREDENDAL: One of South Africa's most established beverage players and distributors, Namaqua Wines has rebranded its distribution division as Niew Beverages. In 2000, Namaqua Wines diversified into a multi-product beverage distribution portfolio. Now, under the leadership of CEO Koos van Dyk, the division's rebrand to Niew Beverages is a strategic response to shifting global market dynamics and evolving consumer drinking behaviours.



Brandweer staan bont na weerlig

14 NOVEMBER/ VANRHYNSDORP: Op Vrydagmiddag, 7 November het weerlig 'n brand in Gifberg laat ontstaan wat vinnig in die droë veld versprei het. Vredendal Brandweer het die eerste oproep op Vrydag, 17:45 ontvang, 'n groot area het reeds gebrand. Gedurende die nag het dit bo in die berg gebrand wat dit onteganklik gemaak het. Aanvanklik was twee eiendomme op twee verskillende plase in gevaar, maar die brandweer het vinnig opgetree en verseker dat geen huise beskadig is nie. Ongeveer 1600 hektaar veld het vanaf Vrydag tot Sondag gebrand. Geen lewensverliese is gely nie.



Tydelike sluiting van Wes-myn

14 NOVEMBER/ BRAND SE BAAI: Die westelike mynafdeling by Tronox Namakwa Sands sal op 1 Februarie 2026 vir 'n jaar tydelik sluit. Na bewering as gevolg van die feit dat die markvraag vir die sand versadig is. Tronox confirms that it is implementing a temporary operational pause at Brand-se-Baai West Mine. This decision is a proactive step in response to challenging global market conditions and is aimed at preserving cash and positioning the business for long-term recovery. During this period, we are implementing re-deployment measures and other initiatives to help minimise the impact across our operations.

Steenkampskraal Monazite Mine byna gereed vir produksie

5 DESEMBER/ VANRHYNSDORP/ KLIP-RAND/NUWERUS: Steenkampskraal Monazite Mine is ongeveer 71 km noord van Vanrhynsdorp geleë. Ons Kontrei het vrae aan Graham Soden - direkteur, hoof-uitvoerende beampte en mynbestuurder gerig: In the previous article Mundell mentioned that the mine would be on a roll in 2024. When do you expect full operations to begin? This was not achieved as the mine was still in the process of concluding authorization processes through the National Nuclear Regulator. The mine has now completed the construction and commissioning of the laboratory scale plant and has also raised funds through the IDC for Phase 1, allowing the mine to commence the construction of the Metallurgical Concentration Plant. In total, once the mine goes into full steady-state production the total employee complement will be in the region of 244.



Clanwilliam Aandmark lok wye belangstelling

Berig: Mariaan Smuts
Foto's: Verskaf

